

Logos Gemeente van Christus

En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bese

Mat 6:9-13, Jak 1:2-18

3 Mei 2020

Vandag kom ons by die sesde en laaste bede van die Onse Vader. Tot dusver het ons die volgende gesien:

Bedes 1-3: Hier vra ons dat God sal toesien dat die nodige rolspelers sal meewerk dat God se Naam geheilig word in die koninkryk wat besig is om te groei na volwassenheid deurdat die burgers van die koninkryk God se wil sal uitvoer.

Bede 4: Hier het ons gesien ons fisiese middele is 'n instrument in God se hand waardeur Hy besig is om ons te leer dat ons van Hom afhanklik is, beide vir fisiese brood, maar ook vir die ware Brood van die lewe.

Bede 5: Laasweek het ons gesien dat ek nie maar net in sonde kan voortlewe nie. Enersyds is dit strydig met Jesus se lewe, en andersyds strydig met Jesus se natuur. As ek soos Hy wil wees, sal ek die sonde in my lewe moet hanteer deur my daarvan daadwerklik te bekeer. Verder moet ek in gebed my sondes voor God bely, wat my dit dan sal vergewe. Boonop behoort daar in ons hart 'n egte vergewensgesindheid teenoor ons naaste te wees as hy teen my sou sondig en om vergifnis vra.

Vandag kom ons by die sesde bede: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bese. Soms word hierdie bede in twee opgedeel, waarskynlik hoofsaaklik om sodoende by sewe bedes te eindig. Maar hulle is so nou aan mekaar verwant dat dit vir my kunsmatig voel om hulle te skei. Ek behandel dit as 'n eenheid in hierdie preek.

Ek wil hierdie bede bespreek onder die volgende hoofpunte:

- Wat is 'n beproewing en wat is 'n versoeking?
- Voorbeelde van beproewings en versoekings in die Bybel
- Wat leer die Westminster Confession oor hierdie bede?
- Verband tussen die vyfde en sesde bedes in die Onse Vader

Wat is 'n beproewing en wat is 'n versoeking?

As ons hierdie bede reg wil verstaan, moet ons begryp wat 'n versoeking is. Ek wil dit bespreek aan die hand van Jakobus 1:2-15. In vers 2 word die woord beproewings in die NAV en DAV vertalings gebruik (trials – NIV, ESV), terwyl die OAV versoekinge gebruik. In vers 12 gebruik die OAV en NAV versoekinge, maar die DAV beproewings (trials – NIV, ESV), en in vers 13 gebruik die NAV, OAV en DAV versoekinge/verleidinge (temptations – NIV, ESV). Met die eerste oogopslag is dit nogal verwarrend. In die Grieks is al hierdie woorde dieselfde woord: peirasmon. Is daar nou 'n verskil tussen 'n versoeking en 'n beproewing? Wel die Griekse woord het een van twee betekenisse: dit kan beteken 'n "toets" wat tot iets konstruktiefs aanleiding moet gee, of dit kan beteken "verleiding tot kwaad", m.a.w. 'n destruktiewe effek. 'n Mens sal dus na die konteks moet kyk of die betekenis konstruktief of destruktief is. Ons gaan nou deur hierdie verse werk om te probeer vasstel wat die betekenis in die verskillende verse is. Maar kan ek sommer reg van die begin af sê dat verse 2-12 van 'n konstruktiewe effek praat, en verse 13-15 van 'n destruktiewe effek. In Afrikaans koppel ons die woord beproewing (Engels: trial) aan 'n konstruktiewe toets, en die woord versoeking (Engels: temptation) aan 'n destruktiewe verleiding. Die gevolg is dat die DAV (saam met die NIV en ESV) dus

die beter vertalings is. Die NAV doen ook nie te sleg nie, behalwe in vers 12 waar versoeking vervang moet word met beproewing.

Kom ons kyk nou na die inhoud van die verse:

Verse 2-4 en 12 verduidelik vir ons dat beproewings iets konstruktiefs is:

Vers 2: Hier maak Jakobus dit duidelik dat die broers baie bly moet wees as allerlei beproewings oor hulle kom. Sekerlik moet hierdie beproewings (of toetse) iets konstruktiefs wees in die lewens van gelowiges – anders behoort die broers hulle tog nie daarvoor te verbly nie!

Vers 3: Hierdie vers maak dit duidelik wat die positiewe effek is van 'n beproewing: As die persoon die geloofsbeproewing deurstaan, lei dit tot volharding in die lewe van die beproefde. Let op die stelling: “as julle geloof die toets deurstaan...”. Dit beteken daar is dus die moontlikheid dat die toets ook gedop kan word. Ons kom later terug hierna.

Vers 4: Hierdie vers gaan nog verder om die positiewe effek van die beproewing uit te wys – as die volharding nou kan voortduur, lei dit eventueel tot volle geestelike rypheid oftewel volmaaktheid! Wel, dit maak duidelik hoekom beproewings iets is waarvoor die broers hulle behoort te verlustig!

Vers 12 spel dit uit in ander terme: hier word gesê standvastigheid in beproewings (en nie versoekings nie!) gee aanleiding tot die oorwinningsprys van die lewe wat God belooft het aan almal wat Hom liefhet!

Verse 5-8 verduidelik vir ons hoe beproewings hanteer moet word om hierdie konstruktiewe effek te mag hê:

Vers 5: Om die maksimum waarde uit 'n beproewing te put, het jy wysheid nodig. Onthou, dis 'n toets. Jy moet nou onderskei wat die regte en verkeerde optrede is. As jy reg kies, lei dit tot volharding, eventueel volmaaktheid en die oorwinningsprys. Maar waar kry ek die wysheid om reg te besluit? Jy moet bid dat God dit vir jou sal gee. En dan volg 'n wonderlike belofte: God sal die wysheid gee! Maar daar is 'n voorwaarde in verse 6-8: Jy moet gelowig bid! Jy moet nie twyfel nie. Jy moet nie onbestendig wees nie. Sien jy die kringloop: Daar is 'n toets/beproewing in my lewe. Ek bid vir wysheid met al die vertroue wat ek het dat God dit sal gee. God gee die wysheid. Ek deurstaan die toets. Ek groei in volharding. Nou is ek gereed vir die volgende toets/beproewing – wat moontlik bietjie moeiliker gaan wees, en dan groei ek verder. En so hou dit aan tot ek volmaaktheid bereik!

Let ook op hoe direk God hierby betrokke is: Hy bring die beproewing, Hy gee die wysheid en Hy gee eventueel die oorwinningsprys.

Verse 9-11 verduidelik vir ons voorbeelde van hoe beproewings kan lyk:

Vers 9 verduidelik 'n beproewing kan wees dat 'n gelowige onbeduidend is. Die onbeduidendheid kan wees dat die persoon arm is (siende dat die volgende voorbeeld juis na 'n ryk persoon verwys) – maar dit kan ook wees dat die persoon nie hoë aansien of status het nie, hy het nie 'n indrukwekkende loopbaan of iets dergelyks nie. Wat is die wysheid waartoe hierdie gelowige moet kom? Hy mag dalk onbeduidend wees in die oë van hierdie wêreld, maar voor God het hy hoë aansien – immers hy is 'n gelowige in wie God besig is om te werk en hom te laat groei tot volmaaktheid, i.e. die oorwinnaarsprys!

Vers 10 kyk na die ander ekstrem. Gestel iemand is ryk. Let op: beide rykdom en armoede is beproewings (Onthou hoe ons by die vierde bede gesien het beide die beskikbaarheid en gebrek aan fisiese middele is 'n instrument in God se hand). Wel, die wysheid wat die ryk persoon moet leer is

dat hy ook onbeduidend is, netsoos die arm persoon – want rykdom is maar tydelik en verwelk vinnig. Hy kan ook alleenlik “beduidend” wees as God dit in hom werk.

Verse 13-15 verduidelik vir ons wat ‘n versoeking is:

Kom ons kyk eers na die ontwikkeling van ‘n versoeking in verse 14-15. Gestel daar is ‘n toets in iemand se lewe. Kom ons neem maar die voorbeeld van rykdom van verse 10-11. As iemand ryk is, is dit moontlik dat sy rykdom vir hom baie belangrik word. Sy rykdom skep by hom die begeerte om nog meer te wil hê. Dit kan ‘n obsessie word. Wat ook al nodig is om nog ryker te word, sal hy doen. Sy begeertes gee aanleiding daartoe dat hy sonde doen. Die een sonde lei tot die volgende, en ons weet die uiteinde van die sonde is die dood.

In hierdie afwaartse spiraal, is dit normaal om wanneer die wiele afbreek, iemand te wil blameer daarvoor. Dit is wat in vers 13 gedoen word. Hierdie persone wil dan die blaam op God plaas. Is dit dan nie God wat die rykdom gegee het nie? Nou wil hulle redeneer God se toets het ‘n negatiewe doel gehad, en daarom word hier van versoekings gepraat. Maar vers 13 maak dit duidelik: God se doel met ‘n toets is nooit om iemand te verlei tot kwaad nie (die tweede betekenis van die Griekse woord). Nee, die feit dat die toets uitloop op iets destruktief is nie aan God toe te skryf nie (al het God die rykdom gegee), maar is toe te skryf aan die eie sondige begeertes van die persoon. Hy gee eerder aan sy eie sondige begeertes toe, as om te bid vir wysheid – en daarom ontvang hy nie wysheid nie. En die toets word ‘n versoeking.

Opsommend: Beide beproewings en versoekings is toetse. Alle toetse word deur God aangelê. Dieselfde toets kan ‘n beproewing of ‘n versoeking wees. As die persoon wat getoets word, die geleentheid gebruik om wysheid van God af te smee om die regte keuses te maak, word hierdie toets ‘n beproewing. God gee die wysheid, die persoon groei in volharding, en eventueel tot volmaaktheid en hy ontvang die oorwinningsprys, die lewe, van God. As die persoon die geleentheid eerder gebruik om aan sy sondige begeertes uiting te gee, lei dit tot sonde, die toets word ‘n versoeking en lei eventueel tot die dood. God se doel was egter nooit om iemand na die dood te lei (en dus te versoek) nie, maar as so ‘n persoon nie God se genademiddele wil gebruik nie, word ‘n groeigeleentheid ‘n stap nader aan die dood. Ek hoop dit word duidelik hoekom daar ‘n sesde bede is: Lei ons nie in versoekings nie!

Voorbeelde van beproewings en versoekings in die Bybel:

Kom ons kyk na enkele voorbeelde in die Bybel:

- Adam en Eva: Hulle is getoets deurdat hulle nie mog eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie. Hulle het gefaal, en dit gee aanleiding tot die dood. Destruktiewe versoeking.
- Abraham: In Gen 22:1 toets God vir Abraham as hy vir Isak moet gaan offer. Abraham reageer in gehoorsaamheid en geloof dat God sal voorsien. Hy slaag die toets, en groei deurdat God weer die verbondsbeloftes herhaal, en selfs met ‘n eed bevestig. En boonop leer hy die beginsel van plaasvervanging wat aan die hart is van Jesus wat in ons plek sterf. Konstruktiewe beproewing.
- Hiskia: In 2 Kron 32:31 lees ons dat God Hiskia verlaat het om hom te toets toe die regeerders van Babilon hom kom besoek het. As mens die voorafgaande verse lees is dit duidelik dat Hiskia gestoei het met selfingenomendheid (vers 25-26). Hier swig hy weer en hy wys alles aan die Babeloniërs, wat eventueel aanleiding gee dat alles weggevoer word in ballingskap. Destruktiewe versoeking.

- Job: Job word ernstig deur God getoets. Alhoewel Job ernstig worstel en amper wankel, hou hy steeds vas dat God dit beheer en dat God aan hom moet verduidelik wat agter dit alles sit. Alhoewel hy nie presies dit leer nie, leer hy God ken soos hy Hom nie vantevore geken het nie. Konstruktiewe beproewing.
- Jesus: In Mat 4:1 ev lees ons van Jesus wat versoek word deur die duiwel (ons noem dit versoeking omdat die duiwel juis Jesus wou laat sondig, iets wat God nooit doen nie). Maar let op dat vers 1 duidelik sê dat Jesus deur die Gees die woestyn ingelei om deur die duiwel versoek te word. Natuurlik slaag Jesus al die toetse wat die duiwel na Hom stuur, immers is Hy alreeds/ewig volmaak. Maar Hy leer ons hoe om in hierdie toetse op te tree. Konstruktiewe beproewing.
- Petrus: In Mat 26:31 ev lees ons van Petrus se bravade dat hy Jesus nie sal verloën nie. Hy dop die toets. Genadiglik bid Jesus vir Petrus, en hy kom tot inkeer. Wat ernstig gelyk het na 'n destruktiewe versoeking word omgedraai in 'n konstruktiewe beproewing waaruit Petrus leer om op God te vertrou eerder as op sy eie vermoëns.

Wat leer die Westminster Confession oor hierdie bede?

Ek staan toenemend verstom voor die inhoud van die Westminster Confession as 'n belydenisskrif. Die opstellers hiervan was duidelik ryklik begenadig deur die Here. Hierdie bede word bespreek in vraag en antwoord 195. Die beginsels wat ons hierbo beskryf het behoort ons nou te help om die argument in die Westminster Confession maklik te begryp. Vraag 195 lui: Waarvoor bid ons in die sesde bede? Ek gaan nie die antwoord direk aanhaal nie, maar dit in my eie woorde gee. Dit word opgedeel in twee dele:

- Ons erken:
 - Dat dit die wyse, regverdige en genadige God is wat hierdie toetse of omstandighede oor ons bring
 - Dat God 'n regverdige en heilige doel daarmee het – m.a.w. dat God dit konstruktief wil gebruik, soos ons in Jak 1 gesien het, en dus dat hierdie toetse in God se oë 'n beproewing is
 - Maar dat ons geneig is om hierdie toets (beproewing) te omskep in 'n versoeking deur die invloed van ons aartsvyande:
 - Duiwel – Onthou 1 Pet 5:8 van die duiwel wat rondloop soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind, ook deur beproewings om te skakel in versoekings
 - Wêreld – Onthou die saad wat tussen die dorings val in die gelykenis van die saaiër: Maar die sorg van die lewe en die verleiding van rykdom en die begeertes na allerhande dinge kom op en verstik die woord, en dit bly sonder vrug (Mark 4:19)
 - Sondige natuur – Onthou Jak 1:14 dat 'n mens verlei word deur sy eie begeertes
- Daarom bid ons:
 - Dat God die hele toets sal beheer. Dink aan Jesus wat in Joh 17:15 bid dat God ons nie uit die wêreld moet wegneem nie (en dus geen toetse meer ondergaan nie), maar dat ons bewaar sal word. Of soos 1 Kor 10:13 verseker: God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie.
 - Duiwel – Dink aan Paulus se doring in die vlees wat hy "'n boodskapper van die Satan" noem om hom met vuiste te slaan. Maar God leer Paulus Sy genade is genoeg.

- Wêreld – dat ek die nietigheid van rykdom sal raaksien (Jak 1:10-11)
- Sondige natuur – dat God aan my wysheid sal gee (Jak 1:5)
- Dat God ons sal help dat ons die genademiddele wat Hy vir ons gee om ons te dra, sal gebruik. Dink maar aan die gawes in die gemeente om ons op te bou (Ef 4:11-12), of gebed soos ons in Jak 1:5 gesien het, of Heb 10:24-25 waar ons opgeroep word om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dae en mekaar aan te moedig om die byeenkomste van die gemeente hoog te ag. Let ook hier daarop dat die sesde bede nie lui: “lei my nie in versoeking nie, maar verlos my van die bose” nie. Nee, dis ‘n bede in die meervoud: “ons”. Let op hoeveel genademiddele juis binne die gemeenskap van die heiliges funksioneer.
- Dat God ons sal help om te groei deur hierdie toetse en beproewings. Dink hier aan 1 Pet 1:6-7 waar ons herinner word om verheugd te wees al moet ons ‘n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewinge – dit alles lei tot toetsing van die egtheid van ons geloof.
- Dat God ons sal laat groei tot by volmaaktheid, soos ons in Jak 1 gesien het. Of in die woorde van 1 Tes 5:23: dat ons na siel, gees en liggaam onberispelik sal wees wanneer Jesus weer kom.

Verband tussen die vyfde en sesde bedes van die Onse Vader

Julle sal onthou dat ek laasweek gesê het Pink maak die opmerking dat daar ‘n verband is tussen die vierde en vyfde bedes, omdat bede 5 met die woordjie “en” begin. Dieselfde is waar van die vyfde en sesde bedes. Wat is hierdie verband?

- In die vyfde bede bid ons vir vergiffenis vir die sondes wat ons alreeds begaan het. In die sesde bede bid ons dat God ons sal bewaar dat ons weer sal sondig.
- In die vyfde bede bid ons dat God ons sal verlos van ons sondeskuld, en in die sesde bede bid ons dat God ons sal verlos van die sondesmet. Sondesmet is die houvas of mag wat die sonde op my het wat daartoe lei dat ek in sonde wil volhard.
- In die vyfde bede bid ons vir ons regverdigmaking. In die sesde bede bid ons vir ons heiligmaking.

Sien ook raak dat hierdie toetse in my lewe dikwels kom deur die manier waarop God brood in my lewe gebruik.

Opsomming

As ons die sesde bede bid, bid ons glad nie dat God ons moet bewaar van swaar en moeilike tye in ons lewe nie.

Ons bid nie vir die verwydering van enige toetse in ons lewe nie. Nee, ons bid dat God ons sal bewaar daarvan dat ons sondige natuur, die sondige wêreld of die duiwel ons sal bring by die punt waar hierdie toetse in ons lewens versoeking word. Versoeking gee aanleiding daartoe dat my sondige begeertes bevrug word, sonde tot gevolg het en op die dood uitloop.

Ons bid wel dat ons die toets sal kan deurstaan deurdat God ons bewaar. Ons bid dat God aan ons wysheid sal gee om die regte besluite te neem. Ons bid dat hierdie wysheid in ons sal groei deur die gebruik van genademiddele soos gebed, gawes in die gemeente, onderlinge liefde tussen gelowiges en samekomste van die gemeente waar ek leer wat wysheid is. Ons bid dat ons sal groei in volharding in die geloof. Ons bid dat ons sal groei tot ons volmaak en onberispelik is.

Na ons nou ses weke spandeer het om deur die bedes in die Onse Vader te werk, wil ek jou vra: Sien jy die eenheid en skoonheid van die ses bedes in die modelgebed?

- Die hoogste doel is die Naam van die Vader moet geheilig word. Dis die eerste bede.
- Dit sal realiseer as God se koninkryk wat reeds gevestig is, groei tot dit vol is – wat sal gebeur wanneer Jesus weer kom, en al die ongelowiges saam met die duiwel in die poel van vuur gegooi word. Dis die tweede bede.
- Binne daardie koninkryk moet almal God se wil doen. Hierin moet die gelowiges hier op aarde hulle oefen sodat hulle dit dan in volmaaktheid sal doen. Dis die derde bede.
- Maar hierdie gelowige burgers het fisiese behoeftes om dit te kan doen. God gee dit, maar terselfdertyd bestuur Hy dit om hulle te leer waar hulle nog nie God se wil doen nie. Dis die vierde bede.
- So hartseer as wat dit is, val hierdie gelowige burgers van tyd tot tyd in sonde. Maar dis juis hoekom Jesus gekom het. En hulle mag nou vra vir vergiffenis. Dis die vyfde bede.
- Maar hulle mag ook vra dat God hulle sal bewaar dat wanneer God hierdie toetse deur die bestuur van die brood stuur, hulle daardeur sal groei tot onberispelike volmaaktheid! Dis die sesde bede.

En dan sal God se doel met die ganse heelal realiseer! Ons bid werklik vir niks anders as die uitwerk van God se plan nie!